Suid-Afrika se hokkie-heldin, Pietie Coetzee, trek los tydens gister se Wêreldliga-wedstryd teen Azerbeidjan in Kaapstad

7-0: Proteas sla haal Wêrelc

MARIZANNE KOK
Johannesburg

Die Suid-Afrikaanse vroue-hokkiespan het hul plek in die halfeindronde van die Wêreldliga gisteraand bespreek toe hulle Azerbeidjan in Kaapstad met 7-0 afgeslag het.

Die Proteas het daarmee hul onoorwonne status in die tweede ronde van die Wêreldliga behou en verseker dat hulle bo-aan die puntetabel sal eindig, ongeag die uitslag van vandag se wedstryd teen Oostenryk. Die beloning daarvoor is speelkans in die liga-halfeindronde in Junie in Europa.

Die Suid-Afrikaners was roekeloos in hul vermorseling van die hulpelose besoekers. Met die uitsondering van 'n paar benoude eerste minute het hulle deurgaans die kitaar geslaan en die doelhok met reëlmaat laat raas.

256

Pietie Coetzee se aantal doele in 257 toetse. Dit is 'n wêreldrekord.

Wéér aan die voorpunt van 'n veel verbeterde SA span was die kwiksilwer Pietie Coetzee, wat haar tweede driekuns in drie aande behaal het.

Donderdagaand het sy België – die einste span teen wie die Proteas verlede week in haar afwesigheid nie hond haaraf kon maak nie – eiehandig op hul baadjie gegee. En gisteraand het sy nie die kans laat verbygaan om dieselfde pyn aan Azerbeidjan uit te deel nie.

Coetzee het haar wêreldrekord aan internasionale doele in die proses opgestoot tot 256, in 257 toetse.

Sy het nou agt doele in haar laaste drie toetse aangeteken.

Die veteraan Tarryn Bright was ook 'n doring in Azerbeidjan se vlees en het twee doele bygedra. Die ander is aangeteken deur Dirkie Chamberlain en Jade Mayne.

Regs: Shelley Russell en Lyudmila Chegurko veg om besit.